

Remgro
Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer: 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro")


KAGISO
Trust Investments

Kagiso Trust Investments (Eiendoms) Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1993/007845/07)
("KTI")

DIE VERKRYGING DEUR REMGRO VAN 'N 37% BELANG IN KTI

1. INLEIDING

Remgro kondig graag aan dat hy, onderhewig aan die nodige goedkeuring deur die mededingingsowerhede, 37% van die uitgereikte gewone aandele van KTI in gelyke aandele van die Liberty Life en Nedbank groepe vir 'n totale bedrag van R450 miljoen verkry het. Die verkryging tree met ingang van 1 Augustus 2005 in werking.

2. DIE KAGISO-GROEP

Die Kagiso Charitable Trust (die "Kagiso-trust"), wat 51% van KTI besit, is 'n breedgegronde liefdadigheidsorganisasie wat in die middel-1980's deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gestig is. Dit is gestig om hulp te verleen aan minderbevoorregte gemeenskappe, met 'n fokus op onderwys, gesondheidsorg en die algemene verligting van armoede. Die uiteindelijke begunstigdes van die Kagiso-trust is die projekte en gemeenskappe wat daardeur ondersteun word. Die Kagiso-trust word algemeen erken as een van Suid-Afrika se toonaangewende breedgegronde swart ekonomiese bemagtigingsgroepe en die trustees en beskermhre daarvan sluit aartsbiskop Emeritus Desmond Tutu en me Zanele Mbeki in.

KTI is in Desember 1993 deur die Kagiso-trust gestig as 'n beleggingsmedium om volhoubare langtermyn finansiële steun aan die Kagiso-trust te genereer vir die doel van gemeenskapsontwikkeling en om ware ekonomiese bemagtiging te verwesenlik by wyse van aktiewe operasionele betrokkenheid by onderliggende strategiese beleggings. Vandag is KTI 'n beleggingsbeheermaatskappy met bates van meer as R1.6 miljard wat strategiese en operasionele steun aan sy vennote bied. Hy volg 'n aktiewe benadering tot beleggings na, met 'n sterk klem op sakeontwikkeling en strategiese posisionering. Sy huidige beleggingsportefeulje bestaan uit maatskappye soos Kagiso Media Beperk (waarin hy 'n belang van 44% het), Metropolitan Holdings Beperk, Waco Africa Beperk en Bytes SA (Eiendoms) Beperk.

KTI se voorsitter is Eric Molobi, wat ook 'n nie-uitvoerende direkteur van Remgro is. Die uitvoerende hoof van KTI is Johnson Njeke, 'n voormalige vennoot by PricewaterhouseCoopers Ingelyf en tans onder meer 'n nie-uitvoerende direkteur van Mittal Steel SA Beperk en 'n lid van NM Rothschild SA (Eiendoms) Beperk se direksie. Johnson is ook die voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooïeerde Rekenmeesters en het in die Ouditkomitee van die Nasionale Tesourie gedien.

3. BEWEEGREDE

KTI is 'n gevestigde bemagtigingsmaatskappy met 'n gesonde beleggingsprestasierekord, wat, in kombinasie met Remgro se bedryfskundigheid, 'n vennootskap sal skep wat waarde toevoeg. Remgro se direksie glo dat KTI oor 'n beleggingsportefeulje, en 'n beleggingstrategie beskik, wat dié van Remgro aanvul en wat aanloklik vir die beleggingsgemeenskap sal wees.

Die verkryging sal Remgro en KTI ook die geleentheid bied om beleggingsgeleenthede gesamentlik te ondersoek met hulle gekombineerde bedryfskundigheid, versterk deur die bemagtigingsgeloofwaardigheid van KTI.

4. VERDERE AANKONDIGING

Remgro-aandelehouers word meegedeel dat verdere besonderhede rakende die verkryging aangekondig sal word sodra dit onvoorwaardelik is, wat die mededingingsowerhede se goedkeuring insluit.

Stellenbosch
29 September 2005

**Beleggingsbank
vir Remgro**



Regsadviseurs



Borg

